



12 Januarie 2014

AAN ALLE KERKLEIERS

Geagte Vriende

Sommige van u lidmate sou verlede naweek se mediadekking opgemerk het oor die bydrae van die Jacob Zuma Stigting aan die Katolieke isiZulu Bybelvertalingsprojek. In hierdie berigte is daar na die Bybelgenootskap se 1959-vertaling van die isiZulu Bybel verwys, onder andere dat dit uit isiXhosa / Engels vertaal is en nie uit die oorspronklike Bybeltale nie. As gevolg hiervan, mag daar dalk onsekerheid wees by sommige, veral by diegene wat die isiZulu Bybel lees.

Vir die Bybelgenootskap is dit baie belangrik om enige wanindrukke wat mag bestaan, aan te spreek. Ek wil graag die volgende onder u aandag bring:

1. Die 1959 isiZulu Bybel is nie uit isiXhosa, Engels of enige ander sekondêre Bybeltaal vertaal nie. Die primêre brontekste (Hebreeus, Aramees en Grieks) is gebruik deur 'n interkerklike vertaalspan bestaande uit brontekskenners en moedertaalsprekers. Dit is standaardpraktyk by alle Bybelgenootskappe wêreldwyd wat die Wêreldbond van Bybelgenootskappe vorm.
2. Die Bybelgenootskap is tans, op versoek van kerke wat die isiZulu Bybel gebruik, besig met 'n nuwe isiZulu Bybelvertaling. Hierdie projek het jare gelede reeds begin en die Nuwe Testament en Psalms is in 1986 gepubliseer. Hierdie Testament is nie tans in druk nie en die projek het in 2009 weer herleef om die Ou Testament te voltooi en die Nuwe Testament te hersien. Daar word gehoop dat hierdie vertaling binne die volgende vyf jaar voltooi sal word.
3. Die Bybelgenootskap het onlangs in samewerking met hoofsaaklik die Anglikaanse en Lutherse Kerk, 'n vertaling van die Deuterokanonieke Boeke voltooi. Hierdie vertaling is nou in 'n preproduksie fase.
4. Die Bybelgenootskap vertalings en die Katolieke vertaling is verskillende projekte. Weens sekere redes het die Katolieke Kerk besluit om met hulle eie vertalingsprojek te begin. Die Bybelgenootskap respekteer hierdie besluit en deur sy Vertalingsdepartement word daar kontak gehou met die Katolieke Vertalingskomitee. Ek is ook oor die vertalingskwessie in kontak met kardinaal Wilfred Napier.
5. Daar was geen kontak van enige aard tussen die Jacob Zuma Stigting en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika nie.

'n Mediavrstelling word by hierdie brief ingesluit. Ek sal dit waardeer indien u hierdie inligting en die mediavrstelling waar u dit nodig ag onder die aandag van u lidmate sal bring. Ons wil net verseker dat daar geen onnodige struikelblokke in die pad van die bediening en missie van die Woord is nie. Skakel asseblief met die Bybelgenootskap indien u enige verdere vrae oor die vertalings het.

U vennootskap in die belangrike werk van Bybelvertaling, -produksie en -verspreiding word werklik waardeer.

Met seënwense

DS DT GEVERS UITVOERENDE HOOF

posbus 5500 tygervallei 7536 suid-afrika

hoofkantoor edwardstraat 134 bellville

uitvoerende hoof ds dt gevers

biblia@biblesociety.co.za

t +27 (0)21 910 8777

f +27 (0)21 910 8799

www.bybelgenootskap.co.za

www.biblesociety.co.za

p o box 5500 tyger valley 7536 south africa

head office 134 edward street bellville

chief executive officer rev dt gevers